ONDERWYS

TOEKOMSBERAAD – 10 OKTOBER 2015

INLEIDING

Om Afrikaners toenemend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika te laat voortbestaan, is gesonde, stabiele en florerende Afrikaanse skole noodsaaklik. Vanaf die stewige vastrapplek wat jongmense by goeie Afrikaanse skole ontvang, verwesenlik hulle hul volle vermoë en word die kanse dat hulle eendag sal swaarkry kleiner. Volgens wyle prof. Laurie Schlemmer, bekende sosioloog by die Universiteit van Stellenbosch, kan Afrikaners se vermoë om ná die Boereoorlog op te staan, toegeskryf word aan roepingsgedrewe Afrikaanse onderwysers. Dit is dus die visie van die instansies betrokke by hierdie verslag om Afrikaanse skole optimaal by te staan om in die toekoms steeds akademiese instansies van wêreldgehalte te bly en voort te gaan om suksesvol deure na tersiêre opleidingsgeleenthede vir ons jongmense oop te maak. Alhoewel wêreldneigings soos verstedeliking en ekonomiese patrone sowel as emigrasie deur talle Afrikaners nie noodwendig teëgewerk kan word nie, is daar binne redelike perke baie wat gedoen kan word om Afrikaanse skole te ondersteun en te versterk. Sterk Afrikaanse kleuter-, laer- en hoërskole sal Afrikaners in staat stel om die uitdagings van die toekoms suksesvol te hanteer. Die inligting vervat in hierdie dokument gee dít deur waarmee ons besig is en verskaf ook ’n toekomsblik op dít waaroor ons droom vir Afrikaanse skole en die Afrikanerkinders wat daar skoolgaan.

PROBLEEMSTELLING

Afrikaanse skoolonderwys verkeer enersyds onder baie druk, maar floreer andersins, ten spyte van – of dalk weens – die druk waaronder dit verkeer. Eksterne faktore soos die grootskaalse verstedeliking van mense wêreldwyd, en ook van Afrikaners, laat sommige Afrikaanse skole halfvol en maak die deur oop vir aansprake van die Departement van Basiese Onderwys of die provinsiale onderwysdepartemente om hierdie skole om te skakel na parallelmedium of enkelmedium Engelse skole. Weens ekonomiese redes kwyn groot dele van die Suid-Afrikaanse platteland en daarmee saam baie van die plattelandse Afrikaanse skole. Die keuse vir kinders se skole gaan hand aan hand met die keuse van ’n sentrum waar mense handel dryf, en hierdie keuse laat meestal die kleiner plattelandse dorpe se Afrikaanse skole halfvol

of soms dolleeg. Gehalte-onderrig raak baie duur, selfs in openbare skole, waar skole en ouers dikwels meer as die helfte van die onderwysers se salarisse befonds.

Daar is ’n wesenlike politieke agenda teenwoordig in die provinsiale onderwysdepartemente, en die optrede van ’n LUR soos dié van Gauteng, Panyaza Lesufi, laat gevaarligte vir die toekoms van Afrikaanse skole flikker. Afrikaanse skole is gereeld die slagoffers van hul eie sukses en dan word planne soos “twinning” deur politici uitgedink om gehalte Afrikaanse onderwys elders te probeer kloon en op die koop toe die gebruik van geriewe wat met ouers se geld opgerig is, gratis te verkry.

Te midde van die bogenoemde druk floreer Afrikaanse skole op baie fronte. Afrikaanse skole vaar uitstekend met nasionale eksamens en lewer meestal ’n 100%-slaagsyfer in die matriek-eindeksamen. Internasionaal vaar ons leerlinge ook goed – graad 8-wiskunde is by die vorige TIMSS-toetse as die wêreld se tiende beste gereken en Suid-Afrika se Afrikaanse skole klop die leerlinge van lande soos Amerika, Brittanje, Australië en Nieu-Seeland. Afrikaanse skole bied ’n buitemuurse kurrikulum van wêreldgehalte aan – een wat volgens dr. Pierre Edwards, ervare skoolhoof van die Afrikaanse Hoër Seunskool in Pretoria, daargestel word deur roepingsgedrewe Afrikaanse onderwysers en afrigters. Ouerbetrokkenheid verseker dat skole baie goed bestuur word en bekwame beheerliggame word ondersteun deur ’n effektiewe beheerliggaamorganisasie, Fedsas.

Vorderingsverslag

Die rolspelers wie se onderwysprojekte by hierdie verslag ingesluit is, is Solidariteit Helpende Hand se Skoleondersteuningsentrum, AfriForum, Kraal Uitgewers (Edms) Bpk, die FAK en Fedsas.

SOLIDARITEIT HELPENDE HAND

Solidariteit Helpende Hand se visie is om Afrikaner-armoede aan te pak deur dit te verlig, te voorkom en te verbreek. Die verbreking van mense se swaarkry vind hoofsaaklik plaas wanneer volwassenes ondersteun word om ’n voltydse werk te kry en te behou, en Helpende Hand se werksaamhede op hierdie terrein val buite die fokus van hierdie dokument. Wanneer dit kom by die verligting van kinders se bestaande armoede en die voorkoming van toekomstige armoede, is Helpende Hand se fokus baie gerig op die ondersteuning van skole

– ons doen dit deur die Helpende Hand Skoleondersteuningsentrum. Skole wat gehalte-onderrig aan kinders verskaf, maak deure oop tot tersiêre opleiding wat jongmense verskans teen die gevaar van werkloosheid en swaarkry. Die projekte van die Skoleondersteuningsentrum (SOS), wat reeds by meer as 400 Afrikaanse skole in Suid-Afrika betrokke is, sluit in:

Onderwysersopleiding

Die SOS bied gratis MS Office-opleiding van hoogstaande gehalte in Afrikaans aan alle onderwysers. Die kursus duur ongeveer drie ure en word in ’n weeksmiddag afgehandel. Die doel van die kursus is om onderwysers so vertroud te maak met die MS Office-pakket dat dit die gehalte van hulle werk verhoog en hulle tyd spaar wanneer hulle hul werk doen. Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders het die kursusse geakkrediteer en onderwysers kan nou hul professionele punte by SOS-seminare en -kursusse ontvang.

Gr 9-vakkeuse- en aanlegtoetse

Die SOS bied sedert 2015 ’n bekostigbare vakkeusepakket aan skole se graad 9-leerlinge. Die klem van die evaluering val op die aanleg, belangstelling en persoonlikheid van die leerling, wat ouers in staat stel om ingeligte besluite oor hul kind se toekoms te neem.

Bemagtig-’n-Kind

Helpende Hand befonds behoeftige jongmense se akademiese vordering. Hierdie befondsing neem ’n verskeidenheid vorme aan en word deur die landwye takke gekanaliseer. Hierdie takke is bewus van die behoefte in gemeenskappe en doen namens arm kinders aansoek om befondsing by hoofkantoor. Gewoonlik word die nodige fondse vanuit die JD Kestell Beursfonds en vanuit takke se eie fondse bekom.

Die Tassieprojek

Helpende Hand se Tassieprojek verseker dat behoeftige kinders graad 1 met dieselfde gehalte skryfbehoeftes as hulle welgestelde klasmaats begin. Jaarliks word meer as 5 000 tassies landwyd uitgedeel – tot dusver is meer as 25 000 tassies uitgedeel.

Die Kosblikkieprojek

Helpende Hand se Kosblikkieprojek voed jaarliks meer as 4 000 behoeftige kleuters by meer as 60 skole regoor die land. Benewens die voedingskomponent, bevat die kosblikkieprojek ook elke jaar ’n opleidingskomponent – iets wat altyd in ooreenstemming is met Helpende Hand se pogings om armoede onder jongmense te voorkom deur te help dat kinders goeie skoolopleiding ontvang.

Afrikaanse vakverenigings

Helpende Hand huisves Suid-Afrika se eerste twee vakverenigings vir onderwysers – Wiskunde (Die Vereniging vir Afrikaanse Wiskunde-onderwysers – VAW) en Afrikaans (Die Genootskap vir Regte Afrikaanse Taalonderwysers – GeRAT). Kortkursusse, eendagkursusse en driedagkongresse is deel van die omvattende professionele opleiding wat hierdie vakverenigings aan hul lede bied. Ander produkte wat die twee verenigings ten bate van gehalte Afrikaanse onderrig bied, is: ’n slimfoon-app met Afrikaanse wiskunde-video’s, gratis werkkaarte en eksamens vir lede, Die Markplein waar vraestelle gekoop en verkoop kan word, bywoning van internasionale kongresse vir lede, maandelikse nuusbriewe, verrykingsklasse vir begaafde leerlinge, elektroniese hulpmiddels soos verrykte E-boeke, aanlyn hulpmiddels vir onderwysers en kinders, ens. Meer as 1 000 wiskunde-onderwysers, oftewel die wiskunde-onderwysers van 150 000 leerlinge, het reeds vanjaar die VAW-opleiding bygewoon.

Skooldissipline

Die SOS staan skole en hul besture en beheerliggame by om skakeling met ouers te verbeter, konflik tussen opvoedkundiges en ouers te verminder en skooldissipline op te skerp.

Lees-app

In 2015 stel Helpende Hand die eerste Afrikaanse lees-app bekend, wat spesifiek op graad 1-leerlinge gefokus is en ten doel het om graad 1’s te leer lees. Die lees-app bevat ’n storie wat voorgelees word, alfabetherkenning, herhaling en die vermoë om die letters korrek te skryf. Al die bogenoemde word deur interaktiewe en ouderdomsverwante speletjies ingeoefen. Intussen het verskeie ander Afrikaanse apps die lig gesien – Alfabetkaarte – AlfabetPret – DieretuinPret – HoofletterPret – SkryfPret. Hierdie lees- en speletjies-apps is gratis op die Apple App Store en Google Play beskikbaar en meer as 9 000 van die apps is al afgelaai.

Afrikaanse leesboekie

Helpende Hand het ’n unieke Afrikaanse alfabetboek van 48 bladsye beskikbaar. *’n Dag in die dieretuin* maak gebruik van versterkte realiteitstegnologie wat die prentjies en karakters in dié boekie deur 3D lewe gee. Meer as 4 000 van hierdie leesboekie is reeds verkoop en gratis versprei.

Loopbaan-app

Hierdie app is ’n eenstopdiens waar leerlinge, onderwysers en ouers inligting oor beroepe kan inwin. Ander inligting wat binnekort op die app beskikbaar gaan wees, is inligting oor universiteite, vakkeuses, TPT-tellings en inligting oor loopbaanbeplanning.

App-fabriek

Helpende Hand bied vanjaar Suid-Afrika se eerste Afrikaanse app-kursus vir jongmense aan. Deur die platform wat spesifiek vir Helpende Hand gebou is (www.appfabriek.co.za), word 316 jongmense geleer om apps te bou wat aan besighede verkoop kan word. Op ’n moderne manier word hierdie 316 jongmense dus ’n vaardigheid geleer waarmee hulle op ’n entrepreneuriese manier vir hulself geld kan verdien en sodoende in staat kan wees om hulle eie swaarkry te voorkom.

Wiskunde-winterskole deur die Akademia-platform

Winter- en lenteskole vir Wiskunde word landwyd by Akademia se agt sentra aangebied. Deur middel van die suksesvolle telematiese platform word wiskundeklasse deur een bekwame wiskunde-onderwyser aan tot 300 leerlinge landwyd vanaf die uitsaaisentrum in Centurion aangebied. Op hierdie manier word die vaardighede van enkele wiskundeonderwysers gedupliseer en bereik dit leerlinge wat nie noodwendig toegang daartoe het nie.

Skoolkurrikulum vanuit ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing

Verrykende Christelike materiaal wat as alternatief tot ateïstiese ewolusieleer aan onderwysers aangebied gaan word, word tans deur die SOS ontwikkel. Die doel van hierdie verrykende materiaal is om video’s, apps, leesstof en ander toerusting van hoë gehalte tot onderwysers se beskikking te stel sodat hulle met min moeite alternatiewe tot ateïstiese ewolusie aan Christen-leerlinge kan bied.

Studiemetodes-kursus

AROS se gewilde Studiemetodes-kursus word in samewerking met die SOS by talle Afrikaanse skole aangebied.

VVOS-kursusse

Die Vereniging vir Voorskoolse Onderrig en Sorg is dié beroepsvereniging vir alle voorskoolse skole en onderwysers. In samewerking met die SOS word die VVOS se projekte, produkte en dienste in 2015 landwyd uitgebrei.

Die Markplein

Die Markplein is ’n Afrikaanse webblad waar onderwysers, ouers en leerlinge produkte soos vraestelle en werkkaarte kan koop en verkoop. Aanvanklik sal die eerste produkte slegs vir Wiskunde wees, maar die beplanning is dat Die Markplein binnekort alle produkte van ander vakke sal bevat.

Projek Leerkrag

Die SOS ondersteun skole met die salarisse van meer as 100 onderwysassistente. Op hierdie manier dra die SOS daartoe by dat jong Afrikaanse onderwysers tot die beroep gevoeg word en vind ten minste 15 000 Afrikaanse leerlinge baat by hierdie projek.

Studiehulp aan onderwysstudente

Deur middel van die Studiefondssentrum befonds Helpende Hand honderde onderwysstudente se studies. Tot op hede het Helpende Hand reeds meer as R73 miljoen se studiehulp aan 4 100 studente gebied.

Gemeenskapsentrums

Helpende Hand het twee gemeenskapsentrums, in die Strand en in Booysens, Pretoria, wat op die ondersteuning van kinders uit van ons land se armste gemeenskappe fokus. Kinders woon ’n naskoolsentrum by waar geriewe soos rekenaars, drukkers en toegang tot die internet deur bekwame bestuurders tot hulle beskikking gestel word. Verder word die kinders blootgestel aan ’n groot verskeidenheid van verrykende aktiwiteite wat deel uitmaak van die normale opvoeding en ontwikkeling van jongmense.

Loopbaansentrum

Die Helpende Hand Loopbaansentrum het die optimalisering van jongmense se vermoëns en talente voor oë. Van die dienste wat reeds by hierdie loopbaansentrum aangebied word, sluit in vakkeuse- en psigometriese toetse, beroepsleiding, inligting oor ’n groot verskeidenheid beroepe, en ’n maandelikse nuusbrief met beroepsinligting aan onderwysers. Die loopbaansentrum se dienste brei binnekort uit om die volgende produkte en dienste in te sluit: die verpakking van alle inligting en raad rondom studies en beroepe in een app, die reël en aanbied van internskappe, die optimalisering van die beroepsgeleenthede en opleiding van vroeë skoolverlaters, die aanwending van WerkNet ten bate van werksoekers, ’n beroepsvereniging vir Afrikaanse skole se LO-onderwysers, skakeling tussen instansies wat werk verskaf en voornemende werknemers, NNT-toetsopleiding, en werkplasing van jongmense in samewerking met Solidariteit.

AFRIFORUM

As burgerregte-instansie is AfriForum se fokus op die terrein van onderwys gerig op die taal- en opvoedkundige regte van die jeug en almal wat die onderrig aan hulle bied, asook enige aksies wat die daarstelling van Christelike, Afrikaanse onderrig van gehalte kan bevorder of beskerm. AfriForum beskou hoëgehalte-onderwys as die belangrikste sleutel waardeur die ideaal vir Afrikaners om blywend vry, veilig en voorspoedig aan die suidpunt van Afrika te kan voortbestaan, bereik kan word. Indien Afrikaans op die terrein van onderwys verdwyn, sal dit die status as hoëfunksietaal ook verloor. Die behoud van Afrikaans as medium van onderrig, die bevordering van moedertaalonderrig en die beskerming van enkelmedium Afrikaanse onderrig met ’n Christelike etos op alle onderwysvlakke is daarom vir AfriForum van die allergrootste belang. Verder behels AfriForum se betrokkenheid op dié terrein ook aksies ter behoud van die waardes van die Afrikanerjeug, asook die ontwikkeling van hul leierseienskappe en identiteitsbesef.

Beskerming van regte

AfriForum is tans betrokke by verskeie regsaksies wat reaktief onderneem word om leerders en opvoeders se regte, die gehalte van onderwys, Afrikaanse moedertaalonderrig en die behoud van Christelike waardes in die skoolomgewing te beskerm. Waterskeidingsake word aangepak sodat uitsprake breër betekenis kan hê binne regspleging as net bloot die saak

voorhande. Gemeenskappe word ook betrek en ingelig oor hulle regte en belange in die proses, byvoorbeeld onlangs met die *Hou God in skole*-fietstoer waardeur gemeenskappe bewus gemaak is van die belang van die behoud van godsdiensonderrig in skole. Huidige voorbeelde van regsaksie wat AfriForum onderneem, is stappe teen die sogenaamde "twinning" van skole in Gauteng wat die regte van ouerbeheerliggame ondergrawe; AfriForum se betrokkenheid as *amicus curiae* in die saak vir die behoud van godsdiensbeoefening in skole; en onlangse betrokkenheid by 'n saak teen die afskaffing van enkelmedium Afrikaanse skole in Gauteng.

Bevordering aan Afrikaanse moedertaalonderrig

AfriForum wil ook proaktief optree en die jeug en hulle ouers inlig oor die belangrikheid en voordele van Afrikaanse moedertaalonderrig. Dit is nodig omdat baie Afrikaners die mite glo dat Engelse onderrig meer voordele inhou, met die gevolg dat Afrikaanse kinders in Engelse skole en universiteitsklasse beland. Daardeur word nie net die posisie van Afrikaans as hoëfunksietaal benadeel nie, maar opvoedkundig doen kinders skade op as gevolg van die nadelige gevolge vir hul selfbeeldvorming, sosiale ontwikkeling, begrip van abstrakte teorieë en die algemene ontwikkeling van hulle redenasie-, luister- en begripsvermoë. AfriForum pak daarom aksies aan soos die SLIM-veldtog (SLIM is 'n akroniem vir "Studeer en Leer in jou Moedertaal"). Hierdeur word die publiek bewus gemaak van die voordele van Afrikaanse moedertaalonderrig.

Suksesvolle jong rolmodelle word gebruik om die boodskap oor te dra. Daarbenewens word die jeug se kreatiwiteit ook bevorder met aksies soos die beoogde kuns- en poësieprojekte wat AfriForum tans ontwikkel. 'n Sin vir gehalte word ook gestimuleer deur byvoorbeeld die Spel-en-Speel-kompetisie waarby AfriForum betrokke is.

Bevordering van dissipline op skool

Beplanning is gedoen vir 'n skooldissiplineveldtog in 2015, maar dit moes weens 'n gebrek aan kapasiteit na 2016 uitgestel word. Dit kan 'n jaarlikse tradisie word. Die fokus is op positiewe aanmoediging om dissipline te bevorder, eerder as 'n negatiewe stelsel van benadeling wanneer dit nie plaasvind nie.

Leierskapsontwikkeling en spanbou

AfriForum se fokus lê sterk op die terrein van leierskapsontwikkeling onder die jeug. Weens kommer oor gebrekkige ontwikkeling van ’n belangstelling in sake van die dag en onafhanklike denke het AfriForum by die Dink-of-Sink-kompetisie vir onvoorbereide debat betrokke geraak. Aanvanklik was betrokkenheid tot die Vrystaat beperk, maar vanjaar is dit ook in Gauteng-Noord aangebied. Gesprekke is aan die gang oor soortgelyke samewerking en kompetisies in die Wes-Kaap en Gauteng-Suid. Aansluitend daarby is daar ook betrokkenheid by redenaarskompetisies soos OppiTong wat vanjaar die eerste keer aangebied is, en die Groot Gees-skolekompetisie om spanbou te bevorder.

KRAAL UITGEWERS (EDMS) BPK

Kraal is ’n voertuig vir die idees van die Solidariteit Beweging – ook onder die jeug. Dit fokus op die ontwikkeling van Afrikaanse lesers van alle ouderdomme met topgehalte, bekostigbare publikasies oor Afrikaner-temas wat strek van vermaak tot werke wat veldtoggekoppel is en denke stimuleer. In dié verband werk Kraal saam met ander instellings binne die Solidariteit Beweging om publikasies kostedoeltreffend uit te gee en so wyd as moontlik te versprei, maar beplan ook aan die skep van reekspublikasies om onderwys met kultuureie Afrikaanse fiksie-leesstof van hoë gehalte aan te vul.

FAK

Die FAK as kultuurorganisasie is geposisioneer om die Afrikaanse taal asook die Afrikanergemeenskap te ondersteun en te dien. Met *kultuur, idees* en *geskiedenis* as kernfokus streef die FAK daarna om kulturele selfvertroue onder Afrikaners te bou in ’n tyd waar die Afrikaner se geskiedenis ooglopend en amptelik gekriminaliseer word. Die FAK het ’n verskeidenheid van projekte asook publikasies wat ten doel het om Afrikaans te bevorder en kulturele identiteit en selfvertroue onder Afrikaners bou. Projekte wat spesifiek op skoolkinders fokus, is die volgende:

Afrikaans-ekspo

Die Afrikaans-ekspo is ’n opwindende kompetisie wat elke jaar vir Afrikaanse leerders in Suid-Afrika en Namibië aangebied word, met die doelwit om Afrikaans onder skoolkinders te

bevorder. Die Afrikaans-ekspo fokus op leerders se kreatiewe hantering van Afrikaans. So word Afrikaans by die jeug op ’n kreatiewe en positiewe wyse bevorder.

Leerders kan onder meer in die volgende kategorieë deelneem: historiese/beredeneerde opstelle, dagboekinskrywings, kortverhale, poësie, musiek en liriek, kuns en fotografie. Daar is ook geleentheid om hul staal met nuwe tegnologie te wys in die maak van Afrikaanse kortfilms en advertensies. Die kategorieë is so gekies dat dit die ideale voertuig is om Afrikaans in die klaskamer opwindend aan te bied en aan die onderwyser die geleentheid te gee om potensiële kategorie-inskrywings by klaswerk te inkorporeer. Daar is reeds 70 skole wat vanjaar deelneem, en die verwagting is dat daar meer as 1 000 inskrywings gaan wees.

Bekende persone wat in die verlede wenners by die Afrikaans-ekspo was, is byvoorbeeld Piet Matipa (joernalis by *Beeld*), Riëtte Grobler (leefstyljoernalis by *Media24*) en Leti Kleyn (skrywer, digter en dosent).

Afrikanergeskiedenis-internetmuseum

Die webtuiste www.afrikanergeskiedenis.co.za is deur die FAK geskep. Die webtuiste is ’n Afrikaanse internetmuseum wat uit ’n oorvloed Afrikaanse geskiedenis bestaan.

Inhoud van die webtuiste sluit in biografiese profiele van Afrikaanse leiers, asook geskiedenislesplanne. Hierdie lesplanne is in lyn met die huidige Suid-Afrikaanse Geskiedenis-kurrikulum en het ten doel om Afrikaanse Geskiedenis-onderwysers te help, deurdat hulle die lesplanne eenvoudig kan aflaai en kan gebruik om ’n klas mee aan te bied.

Publikasies

Die FAK publiseer deurlopend die navorsing wat deur die NP van Wyk Louw-sentrum gedoen word. Een van die FAK-publikasies wat reeds gereeld deur onderwysers benut word, is *Kaart en Koördinaat. Kaart en koördinaat* is nie ’n volledige geskiedenisboek vol vervelige datums nie. Dit is ook nie ’n akademiese boek met volledige feite nie. Dit is eerder ’n dinkboek. Nog belangriker, dit is ’n praatboek. Dit is ’n gids om jong Afrikanerleiers te help om die koördinerende storielyne van Afrikaners te ontdek. Die geskiedenis in die boek is eerder kantaantekeninge by kaarte wat jong Afrikanerleiers kan gebruik om hul toekomskoördinate te bepaal. Suid-Afrika se kaarte het die afgelope drie eeue herhaaldelik verander. Elke nuwe

kaart het Afrikaners met ’n bestaansvraag gekonfronteer waarop hulle nuwe antwoorde moes ontwikkel. In die proses het hulle ook bakens in die vorm van monumente en kulturele herdenkingsdae geplant. *Kaart en koördinaat* bied op ’n geïntegreerde wyse ’n oorsig op Afrikaners se antwoorde. Jong Afrikaners kan in een oogopslag ’n oorsig kry oor elke kaart se uitdagings, antwoorde, kulturele bakens en herdenkingsdae. *Kaart en Koördinaat* bied ook ’n Suider-Afrikaanse perspektief met ’n kort oorsig oor die verhaal van die Afrikaners in Namibië.

FEDSAS

Fedsas is ’n nasionale verteenwoordigende organisasie van beheerliggame wat lede inlig, organiseer, mobiliseer en toerus om die hoogste, internasionaal erkende onderwysstandaarde in openbare skole te handhaaf en uit te bou. Fedsas dien as noodsaaklike spreekbuis vir beheerliggame, en bied hulp en advies oor die hele spektrum van die bestuur en bedryf van skole.

Aktivisme

Fedsas is met verskeie hofsake besig om beheerliggame se reg om beleid te bepaal, te verseker. Hofaksies om godsdiens in skole te hou, Afrikaanse skole te beskerm, beheerliggame se reg om oor toelatings te besluit, te verdedig en posvoorsiening in skole te verseker, is tans aan die gang. Fedsas dra verder by tot, en lewer kommentaar op, konsepwetgewing oor onderwysbeleid.

Opleiding, algemene raad en hulp aan beheerliggame

Fedsas verskaf deurlopende opleiding en ondersteuning aan skoolbeheerliggame. Fedsas ondersteun veral Afrikaanse skole se stryd om Afrikaans te bly, deur ondersteuning met die jaarlikse toelatingsprosesse. Hulp word aan skole gegee met die vasstelling van skole se maksimum kapasiteit volgens wetlike riglyne, om te voorkom dat die departement te veel leerders op goeie skole afdwing.

Fedsas adviseer skoolgemeenskappe ten opsigte van die verskansing van bates deur wettige gebruik van trusts en aanpassing van skenkings-/borgvoorwaardes, sodat gemeenskapsbydraes apart van die skoolfonds bestuur word en eienaarskap behoue bly.

Fedsas steun skole om infrastruktuur en eiendom onafhanklik van staatseiendom te ontwikkel, sodat sulke infrastruktuur terugverhuur kan word aan die skool. Fedsas bied opleiding aan om skole te ondersteun met ’n langtermynstrategie om tegnologie volhoubaar en effektief in skole te implementeer.

AKSIEPLAN: 2015 – 2020

Benewens die bestaande projekte soos hier bo genoem, wil die betrokke instansies graag droom oor projekte, produkte en dienste wat uitgebrei kan word en nuut gestig kan word in die volgende vyf jaar tot 2020. Van hierdie drome sluit in:

Kurrikulum en eksamens

Alle Afrikanerkinders moet in staat wees om vanuit die tuiste van ’n taal- en kultuurvriendelike Afrikaanse skool van wêreldgehalte ’n kurrikulum te bestudeer wat ’n Christelike lewens- en wêreldbeskouing as basis het, wat hul kultuur en geskiedenis binne konteks en getrou weergee en waar respek en dissipline gehandhaaf word. Hierdie skole moet ’n eindeksamen skryf wat in Suid-Afrika, maar ook wêreldwyd, aanvaar word en toegang verleen tot tersiêre onderrig. Die voordele van moedertaalonderrig moet hiermee saam uitgebou en bemark word tot voordeel van die ryke taalverskeidenheid in ons land, spesifiek Afrikaans. Afrikaners in die buiteland moet ook toegang tot hierdie bronne verkry en ondersteun word om hul kinders se opvoeding in die buiteland in te kleur en te verryk met Afrikaanse materiaal.

Opvoedkundige tegnologie

Die bestaande tegnologiese produkte moet teen 2020 baie uitgebrei word sodat kinders in hul moedertaal die voordele wat tegnologie kan bied, optimaal kan benut. Produkte van wêreldgehalte moet steeds tot Afrikaanse onderwysers en kinders se beskikking wees.

Die Markplein moet teen 2020 dien as dié elektroniese platform waar onderwysers en kinders akademiese hulp van hoë gehalte kan kry.

Opvoedkundiges

Afrikaner-onderwysers moet teen 2020 deur middel van finansiële studiehulp, Projek Leerkrag en ’n vennootskap met Afrikaanse skole steeds volop beskikbaar wees, hulle moet steeds goed opgelei word en hulle moet wêreldgehalte professionele ontwikkeling ontvang wat hulle op die voorpunt hou van die beste opvoedkundige praktyke op hul vakgebied. Hierdie onderwysers moet vertroud wees met die jongste tegnologiese hulpmiddels vir die klaskamer en dit aanwend tot optimale leer van die vakinhoud. Benewens die bestaande vakverenigings vir Wiskunde en Afrikaans moet daar teen 2020 ook vakverenigings bestaan vir Fisiese Wetenskappe, Geskiedenis, Lewenswetenskappe en Ekonomiese en Bestuurswetenskappe. Hierdie vakverenigings moet nie net die professionele ontwikkeling van Afrikaanse onderwysers behartig nie, maar moet ook ’n groter rol speel in die bepaling van die kurrikulum vir die vak sowel as die regulering en eksaminering van die vak.

Kleiner gemeenskapskole

Die ontvolking van die platteland weens die grootskaalse verstedeliking van Afrikaners bly ’n groot bekommernis. Die droom is dat daar teen 2020 ’n bekostigbare oplossing gevind kan word vir Afrikaners wat op die platteland agterbly. Deur tegnologie as vermenigvuldiger aan te wend, kan Afrikaanse onderrig van gehalte steeds al ons mense bereik en glo ons dat vordering gemaak sal kan word vir ’n keuse van gehalte-onderrig – in die verste uithoeke van ons land en selfs die wêreld. Skaarsheid met betrekking tot gehalte-onderwysers op die platteland moet teen 2020 deur middel van tegnologie uitgewis word.

Aktivisme

Daar sal vir die volgende vyf jaar voortgegaan moet word om alle ruimtes wat binne die Grondwet bestaan, te ontgin en te beskerm ten bate van Afrikaanse onderrig van gehalte aan ons kinders. Waar nodig sal gemeenskappe bygestaan, bemagtig en aangemoedig word om hul regte soos vervat in die Grondwet en die SA Skolewet op te neem en te verdedig. Beste praktyke vanuit die res van die wêreld moet ook benut en ingespan word ten bate van gehalte-onderrig in Afrikaans.

SAMEVATTING

Afrikaanse onderwys is enersyds onder geweldige druk en floreer andersyds steeds. Indien die status quo gehandhaaf word, sal Afrikaanse skole met slegs klein verstellings, weens tegnologiese en ander modernisering, steeds die akademiese tuiste vir Afrikanerkinders kan wees. Vir die volgende vyf jaar sal baie Afrikaanse skole dit trouens steeds wees – veral in stede en die groter dorpe op die platteland.

Weens ’n venynige politieke agenda deur die regering moet daar egter noukeurig te werk gegaan word om enersyds sterk skole te beskerm en andersyds kwesbare skole ten beste te beskerm en te versterk. Volgehoue gehalte-onderrig is een van die belangrikste veranderlikes wat hiervoor kan sorg en die instansies hier genoem, staan gereed daarvoor.

Samewerking tussen alle rolspelers, veral die gemeenskappe waarin Afrikaanse skole lê, is van kardinale belang. Sodoende sal ’n gekoördineerde aanslag die beste manier van verdediging wees om die politieke aanslag teen te staan.

Die veranderlikes wat die maklikste beïnvloed kan word, maar wat die grootste impak het, moet voorkeur geniet. Daarna moet daar skouer aan die wiel gesit word en met beplanning en deursetting moet dié dinge gedoen word wat moeilik is om te doen, maar wat steeds ’n groot impak sal kan maak.

’n Deeglike studie van Afrikaners se geskiedenis bring ’n mens onder die besef dat die druk waaronder Afrikaners en Afrikaans verkeer, nie uniek is nie. ’n Verdere studie oor hedendaagse kwessies regoor die wêreld verseker ’n mens ook dat ons uitdagings nie uniek is nie. Ons móét energie put uit die welslae van ons mense uit ons verlede en uit die legitimiteit van ons aansprake, en ons moet in geloof bly werk aan die onderwys van ons kinders, want dit is hul toekoms.